Laurika wys Madonna 'n ding . . . of twee

DEUR ANTON ARNOLD

OOR één ding bestaan daar in hierdie dae van eindelose verwarring gelukkig geen twyfel nie: Laurika Rauch se jongste langspeler, *Die gang*, is myle beter as Madonna se *Erotica*.

Hoekom dié twee hoegenaamd probeer vergelyk? Omdat albei tans in die nuus is, en Rauch in die Afrikaanse musiekwêreld ook soos 'n madonna opgehemel word. Kyk, die vrou het 'n fenomenale talent, maar ongelukkig het sy ook 'n slagoffer geword van die Heilige Koei-sindroom in Afrikaanse musiek.

Op *Die gang* is Rauch se vertolkings oudergewoonte onverbeterlik en die verwerkings baie keurig. Maar uiteindelik raak die plaat in sy geheel darem net té netjies, té afgerond en seepglad. Van musikale avontuurlikheid is daar weinig sprake. Té versigtig, té skaflik. 'n Mens mis 'n bietjie *guts*, man, 'n bietjie emosie waarin lewe in al sy rouheid ook deurskemer.

Die titelsnit, wat 'n soort opvolg is op *Stuur groete aan Mannetjies Roux* en geskryf is deur Rauch se man, Chris Torr, is een van die hoogtepunte op die plaat. Torr is een van die vondse wat nuwe Afrikaanse liedjieskrywers betref, en met die uitsondering van een goor liedjie (Frank Opperman se *Lady Di*) het al sy liedjies so te sê die potensiaal om klassieke juweeltjies in die ligte Afrikaanse musiekskat te word.

Al is die plaat nie juis musikaal avontuurlik nie, het 'n mens waardering vir Rauch se subtiele en gesofistikeerde aanslag. Die titelsnit is 'n puik voorbeeld van hierdie subtiliteit en sensitiwiteit. Die minimale begeleiding – op klavier en Barry Jarman se konsertina – dra daartoe by om hierdie liedjie iets baie pragtigs te maak.

Ander hoogtepunte is *Sonder seile teen die wind*, Pieter van der Lugt se *Nuwe aarde* en Nataniël se *Sy's al wat ons het*. Op 'n oorwegend somber plaat bring die ritmiese *Die fietsryer (Jou jas)* en *Skoppensboer* darem afwisseling – al is dit net wat (die interessante) verwerkings betref en nie die inhoud nie. *Die fietsryer (Jou jas)* spog ook met skitterende saxofoonspel deur Barry Snyman en perkussiespel deur Ian Herman van Tananas, wat sekerlik een van die heel beste tromspelers in Suid-Afrika is.

'n Somber plaat, ja, want van voor tot agter hoor ons net van dinge wat verby gaan, verlore onskuld en jeug, die aarde wat opgekoffie word, mense wat vir mekaar lief is, maar nie by mekaar kan uitkom nie, die tyd wat verby gaan en die ontgogeling wat ouderdom meebring. Die resultaat is 'n gewroeg wat 'n mens teen die einde heel lam het. Die lewe is darem nie nét so swart soos gal nie.

Waarom Rauch *Lili Marleen* ingesluit het, weet nugter. Sy kan enigiets sing en 'n mens kan daarvan seker wees dat sy dit bogemiddeld tot puik sal vertolk, soos ook hier die geval is. Dié liedjie is egter al deur so baie mense gesing dat dit kwalik enige sin het om dit vandag nog op te neem. 'n Mens is al redelik teë daarvan. Of dalk is dit maar gedoen ter wille van die jappies wat glanstydskrifte lees en verknog is aan die verre, skone ou Europa?

Rauch doen goeie werk met Koos Kombuis se *Liza se klavier*, en veral haar vertolking van Nataniël se *Sy's al wat ons het* kan uitgesonder word. Nataniël is ondanks sy vasval in 'n hinderlike patroonmatigheid en maniërismes een van die heel beste liedjieskrywers in die land, en 'n mens kan net hoop dat al hoe meer kunstenaars van sy heel uitsonderlike dienste gebruik sal maak.

Dis ook verblydend om te sien dat nóg 'n baie belowende liedjieskrywer, Pieter van der Lugt, al hoe meer blootstelling kry. Ek het al van sy demonstrasiebande gehoor, en hy beskik oor 'n groot aantal oorspronkli-

Laurika Rauch

ke materiaal van 'n besonder hoë gehalte. Wat die eerste – en dan ook die langste – in 'n mens se kop bly vashaak en draai op *Die gang*, is die koorgedeelte van Van der Lugt se *Nuwe aarde*.

Peter McLea het hom met Rauch se laaste drie langspelers bewys as 'n verwerker met bogemiddelde vermoëns. Ook hy kan gerus meer ingespan word.

Die gang is ideaal vir 'n rustige, reënerige aand by kerslig met 'n bottel rooi wyn byderhand. Tog verkies ek haar plate *Debuut*, *'n Jaar in my lewe*, *Encore* en *Stuur groete aan Mannetjies Roux* bo *Die gang*. Ondanks die besware wat ek wel teen laasgenoemde het, verkies ek dit 'n duisend maal meer as 'n aandjie met Madonna se nuwe plaat en koffietafelboek. Rauch het ten minste meer styl, dankie. □